

## **Verhale uit die Ou Testament: Die reënboog-beloofte – Genesis 8 – 9**

Noag en sy familie is veilig in die ark. Die groot skip dryf vir baie dae op die water. Alles is toe onder die water. Die huise, die bome en die hoë berge. Maar God dink aan Noag, sy familie en al die diere wat saam met hom op die ark is. Hy stuur 'n sterk wind wat die water stadig begin opdroog. Die water word al hoe minder. Dit het ook nie meer gereën nie. Die water het die aarde vyf maande lank oorstrom. Toe het die water begin sak. Die ark het op die top van 'n berg tot stilstand gekom. Die water het nog verder gesak. Na 'n paar dae kon Noag-hulle ook ander bergtoppe sien. Noag het 40 dae gewag. Toe stuur Noag 'n kraai uit. Die kraai sien die baie water. Die kraai het net heen en weer gevlieg, want hy kon nêrens gaan sit nie. Na 7 dae het Noag 'n duif uitgestuur. Die duif sien ook die baie water. Nêrens is daar 'n boom nie en die duif kom terug ark toe. Na 7 dae het Noag weer probeer. Hy stuur weer die duif uit. Teen die aand kom die duif terug. En kyk, hy het 'n groen takkie in sy bek. Nou weet Noag die bome se toppe steek al uit. Noag wag nog sewe dae. Hy stuur weer die duif uit. Hy wag en wag, maar die duif bly weg. Toe weet hy: Die water het opgedroog. Presies op Noag se 601ste verjaarsdag het hy die deur van die ark oopgemaak en uitgekyk. Die water het heeltemal opgedroog. God sê vir hom; "Gaan uit die ark. Julle en die diere, die voëls en die insekte." Almal is baie bly om weer op droë grond te wees. En hulle is veilig. God het hulle bewaar. Hulle sê vir God baie dankie. God sê: "Ek belowe Ek sal nooit weer die aarde met water verwoes nie. Ek gee vir julle 'n reënboog in die wolke. Dit sal die teken van My belofte wees. En wanneer Ek na die reënboog kyk, sal Ek dink aan My belofte."

### **Die verhaal van Noag – Die reënboog-beloofte – Genesis 8 - 9**

#### **Inleidende aktiwiteit:**

Kry 'n stukkie wol, gare of tou en bind 'n stukkie om elke kind se duim aan die linkerhand en ook joune. Moet dit nie te styf vasbind nie sodat dit steeds maklik kan afkom.

#### **Vra:**

Weet julle wat beteken dit wanneer 'n man en vrou ringe vir mekaar gee op hulle troudag? (Die ring is 'n teken van die belofte wat die man en vrou aan mekaar maak om mekaar lief te hê, respek vir mekaar te hê, altyd by mekaar te bly, ens.)

Ons het vandag hierdie gare/tou/wol om ons duime vasgebind om te dink aan 'n belofte wat God aan ons en die aarde gemaak het.

## **Lees nou saam die Bybel gedeelte – Die verhaal van Noag – Die reënboog-beloofte.**

Vrae:

1. Hoe erg was die vloed? Het die water die berge toegemaak? (Ja, die water was baie hoog. Dit het selfs die berge toegemaak.)
2. Nadat dit opgehou reën het, watter voëls het Noag uitgestuur? (’n Kraai en ’n duif.)
3. Die duif het die eerste maal teruggekom omdat dit nêrens plek kon vind om te sit nie. Na 7 dae is die duif weer uitgestuur en het dit teruggekom met iets. Wat was dit? (’n Groen takkie.)
4. God het belowe om nooit weer ’n vloed te stuur wat die hele aarde sal oorstrom nie. Wat het God in die lug gesit om ons en Hom te herinner aan Sy belofte? (’n Reënboog)
5. Vir hoe lank sal hierdie belofte bly staan. (Vir solank as wat die aarde bestaan.)
6. Dink julle God sal hierdie belofte hou al hou die mens aan om sonde te doen? (Ja, God hou altyd Sy beloftes. Hy sal nie weer die hele aarde laat oorstrom nie.)
7. Dink julle nou anders oor ’n reënboog?

Aktiwiteit: God maak baie beloftes aan Sy kinders in die Bybel. Sy beloftes is waar en ons kan vashou aan daardie beloftes. Hier is ’n lys met beloftes wat julle gedurende hierdie week kan lees. Julle kan elke aand saam een lees. Nadat julle die vers saam gelees het, kan die kinders ’n prentjie teken om te wys wat die belofte vir hulle beteken.

### **Gebedsgids:**

- Sê dankie vir God oor Hy vir ons pragtige beloftes gee en dat Hy dit nooit breek nie;
  - Vra God om jou te help om ook die beloftes wat jy maak, te hou.
- Beloftes:

**Eksodus 14:14:** Bly julle maar kalm. Die Here sal vir julle veg.

**Mattheus 11:28:** “Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee.”

**Jeremia 29:11:** Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle ’n toekoms gee, ’n verwagting!

**Psalms 50:15:** Roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp en jy sal My eer.

**Filippense 4:13:** Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.

**Romeine 6:23:** Die loon van wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here.

**Johannes 14:27:** "Vrede laat Ek vir julle na; My vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie."